# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAN

## EGGO VAN SY ROEP

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

*India's National Spiritual Newspaper*

₹ 10/-

**Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAN**

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ

- In 16 Tale

**Vol. XVII** JULY 2023 **No. 01**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Jesaja 49:1-6**

1. Luister na My, eilande, gee aandag, nasies wat ver is! Die Here het my voor my geboorte al geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was, het Hy my op my naam genoem.
2. Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak, my in die skaduwee van sy hand verberg, Hy het my 'n skerp pyl gemaak en my in sy pylkoker wegge-steek.
3. Hy het vir my gesê: Jy is my dienaar, jy is Israel, deur jou maak Ek my mag bekend.
4. Ek het gedink: ek het my tevergeefs vermoei, ek het my heeltemal verniet afgesloof. Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon.
5. En nou maak die Here 'n aankondiging, Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het om Jakob na Hom toe terug te bring sodat Israel nie meer verstrooi sal wees nie. Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen.
6. Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.

# KEUSES!

**Pastoor Angeline Selvakumari**



Ons moet elke dag van ons lewe verskeie keuses maak. Elke keuse het sy eie gevolge. Sommige is betekenisvol, ander nie. Sommige keuses raak jou hele lewe, soos die keuse van 'n huweliksmaat, beroepskeuse, ens. Sommige is kleinighede en eentonig soos watter klere jy gaan aantrek, of wat om te eet, ens. Toe God mense gemaak het, het Hy vir hulle vrye wil gegee. Mense het die reg om te kies, goed of sleg. Maar, God gee altyd riglyne, sê wat sy verwagtings is, maar sal ons nooit forseer om te kies wat Hy wil hê nie. Hy wil dat ons self sal besluit om te kies wat Hy vir ons beplan het.

Ons God van die heelal het ons so lief dat Hy vir ons die vryheid gee om te kies om Hom te ken en lief te hê. Ons soewereine God forseer ons nooit om Hom te kies nie. Hy wil altyd 'n verhouding hê met die mensdom, maar Hy druk ons nie daarin nie; Hy wag eerder geduldig totdat ons besluit om Hom beter te leer ken.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – 5.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...





**"... wat 'n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het..."**
**- 1 Konings 8:15**

### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**

**Pastor Alex Samson Sam,** B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**

**Bro. N. Prakasam,** M.A., General Manager
**Dr. Rabinder Boaz,** M.S.
**Bro. K. Puratchivendan**

**EDITORIAL BOARD**

**Sis. Jesy Veena Sam**
**Sis. Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.
**Dr. A. Richard Samuel,** M.A., Ph.D.
**Rev. Dr. K.R. Rajasekaran**

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**

**Pastor S. SAM SELVA RAJ**
**Echo of His Call Printers**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
**Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**
**Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail ID**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


Geliefdes in Christus,

Ons groet julle in die Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus.

Baie lesers het na die lees van laas maand se **Echo of His Call** tydskrif ons artikels aangeprys. Dankie aan almal. Ons sê nederig dankie aan al God se mense wat ons uit die diepte van hul harte liefhet en ons **Echo of His Call** tydskrif en ander bedienings ondersteun met gebede en goeie voorstelle.

Ons het versoek dat julle jul e-pos ID's vir ons stuur. Vir die wat dit gedoen het, sal ons voortaan ons **Echo of His Call** tydskrif ook na jou e-pos toe stuur. Meer nog, sodra dit vrygestel word in al 16 tale, word dit op ons webblad gelaai by www.echoofhiscall.org. Jy kan dit sommer daar lees, of jy kan dit aflaai en 'n afskrif maak en lees. So, moenie besorg wees nie, jy sal dit sekerlik op al hierdie plekke te lees kry.

Ons gebede elke aand 10-uur vir die internasionale jeug en kinders is goed ontvang deur ons lesers, en ons het ook goeie antwoord van ons Almagtige God gekry. Prys die Here!

Ons tree vinnig en flink op. Die **Vakansie Bybelskool (VBS)** klasse vir kinders is gedurende Mei gehou. Die Gradeplegtigheid van ons **Nehemia Bybel Kollege** is op 03 Junie 2023 gevier op 'n baie besondere wyse. Op 05 Junie 2023 het die akademiese klasse vir die 2023-24 **Nehemia Bybel Kollege** en **St. Paul Matrikulasie Skool** ook begin. Bid asseblief dat die klasse glad en effektief verloop. Bid asseblief vir ons ook.

Die 5 minute boodskap in Engels, Hindi, Tamil en Telugu word elke oggend 5-uur vrygestel deur ons YouTube-kanaal. Stoor asseblief ons selnommer 98410 71858 op jy selfoon. Dit sal baie help om enige inligting oor hierdie bediening te ontvang. Skryf ook gerus in op ons **Echo of His Call YouTube-kanaal.**

En of ons daarvan hou nie, in hierdie tyd van tegnologie moet ons maar daarvan gebruik maak. Laat die goeie nuus van die Evangelie al die mense bereik via enige kanaal. Alle eer aan God. Amen!

Julle dienaars in Christus Jesus,


**PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.**
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

Die Bybel sê: **Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na jou toe …** (Jakobus 4:8). En terselfdertyd sê die Bybel ook ons het Hom nie gekies nie, Jesus het ons gekies: **Julle het nie My gekies nie, maar Ek het julle gekies** (Johannes 15:16). En dat Hy ons eerste liefgehad het (1 Johannes 4:19). God dwing Homself nooit op ons af om Hom te kies en lief te hê nie. Hy is nog altyd 'n sagsinnige God wat vir ons Vrye wil gee. Almal kry geleentheid; maar net sommige gryp die geleentheid aan en benut dit.

Kom ons dink na oor van die keuses wat 'n paar prominente Bybel karakters gemaak het.

## TWEE DIEWE!

Een voorbeeld is die twee diewe wat weerskante van Jesus aan hul kruise gehang het. Een het gesê: **… Here, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom** (Lukas 23:42). En Jesus antwoord toe: **… Vandag sal jy saam met My in die paradys wees** (Lukas 23:43), terwyl die ander een besluit het om selfs in die doodsnikke van sy lewe Jesus te tart. Die een misdadiger soebat dat God hom sal onthou, maar die ander een mis toe sy geleentheid en gaan voort om Jesus te beskuldig en fout te vind. Dit is 'n keuse wat elkeen gemaak het. Niemand het enigeen van hulle geforseer nie, maar dit het lewensverandering gebring, nie net vir die een wat onthou wou word nie, maar vir ons almal. Dit is hoekom ons in 2023 hieroor praat.

## HOOF-OFFISIER!

Toe Jesus gekruisig is was daar verskeie hoofmanne oor




honderd aan diens wat die grusame dood van die Lam van God aanskou het. Hulle kon sien Hy was anders, maar nie een was gewillig om te bely of Hom te aanvaar vir wie Hy was nie, behalwe een. Hy was daar aan die voete van Jesus Christus terwyl Hy aan die kruis op Golgota vasgespyker was. Hy sê toe: … **Waarlik, Hy was die Seun van God** (Matteus 27:54). Hy het openlik bely wie Christus was. Dit kos baie moed en vrymoedigheid om dit te doen. Selfs vandag nog het ons broers en susters wat vir hul geloof vervolg word – verneder, in die tronk, kaal gestroop, uitgejou deur hul eie mense, in die vuur gegooi, hul ouers gemartel, ens. Maar te midde van die alles het hulle die geloofstoets deurstaan. **Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Lyding of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?** (Romeine 8:35). Niemand het vir Paulus gedwing om te sê wat hy gesê het nie, dit was hy wat gekies het.

## PILATUS!

Pilatus was ook iemand wat die mag gehad het om 'n lewensbesluit vir Jesus te maak, maar om die mense tevrede te stel en 'n goeie reputasie te kry en in die Jode se goeie boekies te kom, het hy gefaal in wat hy moes doen. Die Bybel sê: **Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie** (Spreuke 3:27), en: **Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges** (Galasiërs 6:10). Dit is 'n keuse wat vir ons gegee is en die Bybel leer ons om bewustelik te kies om goed te doen, 'n doelbewuste keuse.

As God jou in 'n posisie hou of in 'n plek waar jy 'n gebrokene kan help, 'n behoeftige, 'n hulpelose, magtelose, huislose, selfs 'n fisiese of geestesgestremde, besluit dan om hulle te help. Ons het kampioene nodig wat kan veg vir 'n goeie saak. Moeder Teresa was so 'n wonderlike vrou wat haar hele lewe prysgegee het om swakkes en siekes te help en te ondersteun. Amy Carmichael was 'n kampioen wat geveg het vir die regte van jong meisies. Hulle het gedoen wat hulle kon om die swakker deel van die samelewing te help. Aan die ander kant is dit hartseer om te sien hoe mense so selfgerig lewe dat hulle geen tyd het vir hul medemens nie. En nog meer teleurstellend is dat ons dit in Kerke ook sien. Mag God ons die genade gee om dit te verander, en laat óns die verandering wees.

Pilatus het geweet Jesus was onskuldig, en hy kon Hom vrygelaat het. Ek dink hy wou, maar hy wou dit nie openlik doen nie. Baie taktvol het hy beplan dat die mense die keuse moes maak, dat hulle moes kies tussen Barabbas en Jesus die Christus, en hy het verwag dat hulle vir Jesus sou kies. Maar, helaas, hulle kies toe vir Barabbas! En weer het Pilatus 'n geleentheid gemis, maar dit is goed benut deur die Jode, vir die verkeerde rede. Verspeelde geleenthede!!



Hoe baie mis ons geleenthede omdat ons nie gekies het toe ons moes nie! Maar genadiglik het ons 'n God wat tweede kanse gee. Selfs wanneer ons dit mis het God altyd 'n ander goddelike plan. So groot is sy liefde. As jy dalk sit en dink: Ek kon hierdie gedoen het, of daardie, maar nou het ek oud geword, my krag is gedaan, jare is verlore!

Geliefde broers en susters, as jy dink jy het jou tyd gemors en dit is nou te laat, … dit is nooit te laat in God se Koninkryk nie. Sy tydsberekening is perfek. God wou nie vir Moses gebruik toe hy 40 was nie, maar eers toe hy 80 was. Gee jou vermorste jare vir Jesus Christus en Hy sal iets besonders daarvan maak. Dit herinner my aan 'n ou lied: "Give them all to Jesus. Shattered dreams, wounded hearts, broken toys. Give them all to Jesus. For He will turn your sorrows into joy." Kom ons leer om alles vir Jesus te gee.

## PETRUS!

Petrus was een van Jesus se eerste dissipels. Hy was een van die drie wat die binnekring van Jesus se dissipels gevorm het. Hy was saam met Jesus tydens die belangrikste gebeurtenis in sy lewe, en op die Berg van Verheerliking het hy selfs gesien wie Jesus was.

Ek hou so van Petrus se karakter! 'n Man met baie passie en ywer. Hy wou sommer tente oprig vir Jesus, Moses en Elia, daar op die berg van verheerliking. Toe Jesus praat van sy grusame dood, was Petrus die eerste wat baie emosioneel geraak het: Petrus sê vir Hom: **"Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan."** (Lukas 22:33). Hy was oorbeskermend met 'n vinnige humeur. Toe die soldate Jesus wou gevange neem, het hy kwaad geword en 'n soldaat se oor afgekap. In alle opsigte was hy 'n baie emosionele man met wie ons kan meevoel. Hy wou eerste wees in omstandighede en was altyd proaktief.

Petrus was mensgerig. Hy het seker 'n innige verhouding met sy broer Andreas gehad, want toe Andreas hom roep om Jesus te kom ontmoet, was hy dadelik gewillig. Hulle het seker hulle broederlike onderonsies ook gehad. Ons lees ook van sy skoonma, wat ook wys dat hy 'n gesinsman was. Hy was ook baie doelgerig, en het geweet wie Jesus in werklikheid was, het Hom herken as die komende Messias. Ons sien hierdie eienskappe ook later in sy bediening.

Maar hoe het hierdie toegewyde, liefdevolle, passievolle, mensliewende persoon wat vir Jesus so hoog geag het, skielik vir Jesus verloën? En nie net een keer nie, maar drie keer, selfs nadat Jesus Hom daaroor gewaarsku het! En dan het hy daarby ook nog gevloek. Wanneer ons dit lees, kan ons hom dalk wil oordeel en selfs veroordeel omdat hy so 'n aaklige mens is. Maar, dink bietjie na hoeveel keer ons, as toegewyde volgelinge van Jesus, Hom deur ons optrede of woorde of gedagtes verloën het. Ek het al gehoor mense sê: "Ek het gegly, in die hitte van die oomblik." Hoeveel van ons dink regtig wat Petrus gedoen het was

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers &**
**Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**
**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**
**B-graad in Teologie : Drie Jaar**
**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**Haas jou vir toelating!**
**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE



**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Julie 19 Tot 2023 Augustus 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Julie 19** ➲ Al die aktiwiteite van ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybel Kollege en Teologiese Korrespondensie Kursus.**

**Julie 20** ➲ Seën oor al ons hulp Redakteurs en hul gesinslede.

**Julie 21** ➲ sy goedgunstige hulp om nuwe studente te kry vir ons voltydse en aandklas **Nehemia Bybel Kollege** kursusse.

**Julie 22** ➲ Die groot toewyding van die Sendingwerkers.

**Julie 23** ➲ Sy genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne.

**Julie 24** ➲ sy seën op ons Pastore en Senior Lede van die Hoofkerk en Susterkerke.

**Julie 25** ➲ Ons Evangelie Drukpers en sy volgehoue werk met vaardige werkers.

**Julie 26** ➲ Sy oorvloedige seëninge op ons toegewyde Tydskrifbediening sedert 1969.

**Julie 27** ➲ Sy seën op ons Hoofkerk met meer nuwe gelowiges.

**Julie 28** ➲ Die nuwe gelowiges in ons Sondagdienste by Balaji Nagar, Santhoshapupers en Velachery.

**Julie 29** ➲ Seën op die toelatings van **Nehemia Bybel Kollege** en **St. Paul Matrikulasie Skool** vir die Akademiese jaar 2023-2024.

**Julie 30** ➲ Seën op ons Wêreldvisie vir Jeug en Kindersorg bedienings.

**Julie 31** ➲ Seën op ons **YouTube-bediening** se 5 minute boodskappe sodat dit die onbereikte mense sal bereik.

**Augustus 01** ➲ Seën dat ons die evangelie kan versprei na onbereikte gebiede.

**Augustus 02** ➲ Seën op ons **St. Paul Matrikulasie Skool** vir meer toegewyde Christen Onderwysers en Hoof.

**Augustus 03** ➲ Die Pastore en die amptenare van ons Kerke.

### Bid asseblief vir ...

**Augustus 04** ➲ God se genade om weer oor die mense te spoel.

**Augustus 05** ➲ Die honderde kinders wat geraak is deur die liefde van Jesus Christus tydens die **Vakansie Bybelskool (VBS),** dat hulle in die Here sal bly en ons Kerk gereeld sal besoek.

**Augustus 06** ➲ Die staking van geweld teen sendelinge en dienaars van God.

**Augustus 07** ➲ Die uitroei van CORONA-koors uit die wêreld.

**Augustus 08** ➲ Die vernietiging van die bose werke van die satan om gesinne te verstrooi.

**Augustus 09** ➲ Geestelike en aardse seëninge vir God se kinders.

**Augustus 10** ➲ Nuwe studente vir **St. Paul Matrikulasie Skool** vir die jaar 2023-2024.

**Augustus 11** ➲ Die einde van die Ekonomiese resessie in die wêreld.

**Augustus 12** ➲ Die voorsiening in geldelike nood van ons bedienings.

**Augustus 13** ➲ Die behoeftes van al die mense van die wêreld.

**Augustus 14** ➲ Die vinnige herstel van ons Bengali DTP Operateur Broer Indrajith Roy.

**Augustus 15** ➲ Die goeie gesondheid van ons werknemers en hul gesinslede.

**Augustus 16** ➲ Die **Media Bediening** wat elke oggend 5-uur in YouTube beeldsaai vir 5 minute.

**Augustus 17** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede van alle bose magte.

**Augustus 18** ➲ Die opdatering van **Nehemia Bybel Kollege** se Biblioteekboeke in KOHA-sagteware.

verv. v. bls.4

net in die hitte van die oomblik? Maar, laat ons nie krities wees teen hierdie groot apostel van God nie, maar laat ons liewer iets leer uit sy lewe.

Dink jy dit het maar net by daardie geleentheid gebeur, of was dit 'n proses?

Ek glo om Jesus so te verloën, was nie 'n maklike ding vir iemand wat so toegewyd, liefdevol, passievol en doelgerig was nie. Wanneer dink jy het dit alles begin? Was dit toe Petrus vir Jesus op 'n afstand begin volg het volgens Matteus 26:58?

Die Bybel sê so mooi Petrus het Jesus op 'n afstand gevolg. Baie van ons is lief vir Jesus, ons geniet sy seëninge. Dit is wonderlik om Hom te ken as ons voorsiener en beskermer, maar ons is huiwerig om Hom naby te volg, want ons is gemaklik om Hom op 'n afstand te volg. So voel ons veiliger, want Hy sal nie meer van ons verwag nie. Mense sal ons nie sien as gretige volgelinge van Christus nie, en so kry ons die beste van beide wêrelde, van God en van die wêreld. 'n Baie interessante tussenposisie.

Liewe Vriende, die Bybel leer ons dat ons nie gelyktydig vriende met die wêreld en met God kan wees nie: **Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie?** (Jakobus 4:4). Daar is nie 'n middeweg nie. Dit is of die wêreld se kant of God se kant. As ons nie aan God se kant is nie, beteken dit ons het klaar vyand van God geword. Daarom, hoe geestelik en vroom iemand ook al is, as jy besluit om Jesus op 'n afstand te volg, is dit 'n gevaarlike plek om te wees.

Hoe is jou wandel vandag met Christus? Wandel jy op 'n afstand met Hom of stap jy naby Hom? Dit is 'n keuse wat ons almal moet maak. Soos tevore genoem: Jesus het ons so lief dat Hy ons nooit sal dwing om iets te doen nie. Hy gee ons die keuse. Maar Hy het ook sy begeerte geopenbaar: **As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry** (Johannes 15:7). Dit leer vir ons die belangrikheid van naby aan Hom te wandel.

NEHEMIA AAND-
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir
Medium : Tamil

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Die Here het groot dinge gedoen, daarom is ons bly — Psalm 126:3.

ECHO OF HIS CALL
Ministries
55ste VERJAARSDAG
(1969 - 2023)

Plek:
ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Spesiale Progamme op
11.08.2023, Vrydag
12.08.2023, Saterdag
13.08.2023, Sondag

Special message :
Pastoor ANGELINE SELVAKUMARI

Bid asseblief!

Kontak: Pastoor S. Sam Selva Raj, (+91) 98410 71852

Liewe Vriende, die wêreld waarin ons leef is moeilik en veeleisend. Dit is in sigself 'n uitdaging om ons werk en gesin en persoonlike lewe te balanseer. Dinge soos teleurstellings, seer, troubreuk, skeiding, dood en rugstekery kan mens geestelik uitput. Ek weet nie hoeveel van julle sulke dinge beleef nie. Miskien dink jy: “Ek leef met die gevolge van iemand anders se keuse, ek verdien dit nie.” Dit kan jou dalk laat besluit om nie meer vir Jesus te volg nie, soos Judas, of om Hom net op 'n afstand te volg soos Petrus. Die punt is egter: beide is gevaarlik.

Petrus se verloëning van Jesus het nie skielik gebeur nie, dit was 'n stadige proses. Toe Jesus gevang is, het vrees almal oorweldig oor wat hulle toekoms nou gaan inhou. Terselfdertyd wou Petrus weet wat met sy Meester gaan gebeur, daarom volg hy Hom toe op 'n afstand.

Is jy soos Petrus wat Jesus op 'n afstand volg? Miskien voel jy: “As ek naby God wandel is die verwagtings hoog, daarom moet ek liewer afstand hou.” Sommige van ons gaan Kerk toe maar wil nie betrokke raak in die dienswerk nie. Ander wil dalk nie eers Kerk toe gaan nie, en nog ander bly liewer tuis en bid daar. Sommige praat net met Jesus wanneer daar nood is, andersins het hulle nie tyd vir Hom nie.

Vandag wil ek jou aanmoedig om nie vir Jesus op 'n afstand te volg nie; gaan nader na Hom. Hy het gekom om mense met God te verenig. Vir daardie doel het Hy op die kruis gesterf en op die derde dag opgestaan: om vir ons hoop te gee in 'n hopelose situasie, om vrede te gee in die storm, om liefde gee selfs al voel ons ons

....verv. op.bls. 9


## Echo of His Call

**Korrespondensiekursusse slegs vir kandidate in Indië**


BYBELKOR

## Bid asb. vir




Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

***Skryf aan ons vir besonderhede***




**The Chairman, Nehemiah Bible College,**
Echo of His Call, **Post Box 2957**
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,**
**Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## SY LEIDING EN VOORSIENING IN MY LEWE!

### Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra - Psalm 145:19

Die Here Jesus Christus was so gunstig teenoor my om Kerklike Bediening in die plek genaamd Chepauk, Chenna (Madras) te begin in 1982. Van die begin af het die Kerk die probleem gehad van verskuiwing van plek tot plek, weens geldelike tekorte en teenstand en jaloesie van anti-christelike vriende van die omgewing.

Uiteindelik het ons die Sondag-erediens gehou in 'n klein kamertjie in 'n huis sonder ventilasie. Dit was die huis van 'n dierbare broer Mnr. George.

Tydens 'n Erediens een spesifieke Sondag het die Here my onverwags aangepor in die Gees om in die geloof 'n ruim gebou te verwag vir Kerkdienste in dieselfde omgewing. Hy het my ook aangespoor om dit met die gemeente te deel en hulle gebedsondersteuning te vra. Ek het gehoorsaam en dit met hulle gedeel.

- Die mense in die kerk het geluister maar my toe begin spot deur sarkastiese kyke.
- Hulle het gevra: "Is dit regtig moontlik om 'n eiendom te koop met ons swak geldelike status?"
- Sommige het my geestelik onder druk probeer plaas deur te vra: "Selfs al het ons die geld, waar kry ons 'n beskikbare eiendom wat te koop is in hierdie digbewoonde omgewing?"

'n Paar vriende het na vore gekom met 'n kritiese en onseker vraag: "Is dit billik vir 'n ordentlike man van God om so 'n onpraktiese boodskap te bring, en dit in die Naam van God?"

So is ek behoorlik gedruk in verskeie verwarrende situasies. Ek kon nie 'n enkele persoon kry wat saam met my in hierdie geloofsuitdaging kon staan nie. Die algemene publiek het uiteindelik besluit dat die Christelike predikers geen ander werk het as om net sulke onaanvaarbare en onpraktiese stories te vertel, en hulle het my geen erkenning gegee nie.

Maar dit het my nie afgeskrik nie. Inteendeel, die Here het my bemoedig en genade gegee om net op Hom te steun, die Een wat die **begin en voleinder van ons geloof is** (Hebreërs 12:1). Die Here het in my hart gepraat: **Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel. Ék maak jou 'n skerp dorsslee, 'n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak.** (Jesaja 41:14-15).

Dae het verbygegaan. God het my voor al die mense rondom my geseën en genadiglik 'n plek vir ons beskikbaar gemaak, 'n wonderlike plek vir sy bediening, op dieselfde plek waar Hy my laat glo het. Maar toe ons die plek kry, het ek nie geld gehad om die eiendom te koop nie, soos die mense van my omgewing verwag het. Ek het probeer hulp kry by bekende bronne, maar niemand het gehelp nie en ek was maar baie arm. In hierdie situasie het die regering en vir my 'n persoonlike geboue-voorskot gegee om die eiendom te koop, want ek het in daardie tyd vir die regering gewerk. Hiervoor het God 'n nie-christen vriend, mnr. Kannan en 'n ander Christen vriend, mnr. M.P. Jeyakumar, gebruik. Jesus Christus is betroubaar, Hy is altyd goed. Ja, Jesus is altyd goed. Wat 'n wonderlike God het ons! **O, kom ondervind en sien self dat die Here goed is ...** (Psalm 34:9).

Tot vandag toe, terwyl ek hierdie boodskap skryf, kan ek sê dat my lewe ongelyk en vol uitdagings is. Ek word verswelg deur so baie moeilikhede en verstommende ellendes in my daaglikse lewe wanneer ek Godgegewe bedienings doen. **Echo of His Call** maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkor korrespondensie en Opleidingskursusse in 3 tale, **Nehemia Bybelskollege**, Hoofkerk met 7 eredienste elke Sondag, **St. Paul Matrikulasieskool** (Village High School), Evangelie Drukpers en die oorhoofse

administratiewe kantore, ens. Ek staar dikwels onuitspreeklike en onbeskryfbare moeilikhede, uitdagings en mislukkings in my bediening en administrasie in die gesig.

Ek ervaar slapelose nagte, en nagte waarin ek nie wil slaap nie. Ek het geleer dat die Here Jesus Christus die enigste Een is wat betroubaar is en werd om op te vertrou, as 'n ware Vriend in hierdie wêreld wat in donkerte en bose druk en hooploosheid gehul is. Want, ek kan sy leiding en voorsiening in my lewe ervaar. Hierdie woorde van 'n bekende lied is my ervaring:

***Lei, vriendelik' Lig, deur aardse duisternis, lei U my voort!***
***Swart is die nag waar ek 'n vreemd'ling is, lei U my voort!***
***Lig my tog voor, dis nie dat ek begeer***
***Om ver te sien, net stap vir stap, o Heer.***

Ek weet my daaglikse lewe is vol toetse en moeilikhede. Maar ek het die versekering dat wanneer ek my werk in hierdie wêreld voltooi het, sal ek ingaan en my hemelse woning erf en my Meester Jesus Christus persoonlik ontmoet en sy goue gesig omhels, en my ervarings in hierdie wêreld deel. Ek wag gretig vir daardie wonderlike dag. Dit gaan 'n besonderse dag wees! Dit sal die mees geseënde dag wees!!

**Liewe vriend, het jy so 'n hoop en verwagting?**

***

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Pastoreberading : 4.00 nm. Sondag
18. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
19. Midweek Bybelstudie : 6.30 nm. Woensdag
20. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
21. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
22. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
23. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
24. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
25. Gebedsgeleentheid vir ouers : 4.00 nm. Eerste Sondag
26. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
27. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
28. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
29. Youth / Kid Prayer : 10.00 p.m. daily
30. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
31. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.7*

verdien dit nie. Romeine 8:32 sê: **Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?** Vra Hom, Hy wil vir jou al die goeie dinge gee.

Gesels elke dag met Hom, lees sy Woord. As jy nog nie sy stem gehoor het nie, vra Hom vandag. Bid so: “Here, ek wil U naby volg, nie van ver af nie. Praat met my, laat my u stem hoor. Help my om nie net te hoor nie, maar om ook te doen wat U sê. Amen.”

Mag die Here jou help om naby Hom te wandel en nie ver af nie!

***

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**
**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JULY 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**